SPOEDIGE HERSTEL VAN RIVERSDAL POMPSTASIE

SPOEDIGE HERSTEL VAN RIVERSDAL POMPSTASIE

Hessequa Munisipaliteit het op 08 Oktober 2018 onmiddellik reageer toe die pompstasie te Vetterieverrylaan, Riversdal oorverhit het en ’n klein volume riool gestort is. Die kontrakteur en Raadgewende Ingenieurs is in kennis gestel en is die situasie onmiddellik aangespreek en aksie geloods. Die klein hoeveelheid riool wat gestort was is vinnig opgeruim en is die water skoon, met geen kontaminasie nie. Die natuurlike suiwerings-prosesse sorg ook dat so ’n klein volume op ’n natuurlike wyse gesuiwer word en die effek daarvan laer af in die Goukourivier nie waargeneem sal kan word nie.

Die bewering dat die minimale riool storting wat in Riversdal plaasgevind het ’n gevaar vir die gemeenskap in Stilbaai teweeg gebring het, is onwaar. Ongelukkig is daar altyd ’n risiko dat toerusting kan faal, maar weens die spoedige munisipale diens, is daar geen gevaar of risiko van besoedeling nie.

Die opgradering van die Riversdal Rioolwerke word in fases uitgerol en oor ’n paar finansiële jare uitgevoer. Hierdie opgraderings word grootliks befonds deur Munisipale Infrastruktuur Toekennings (Nasionale fondse en kapitaal toelaes wat spesifiek vir munisipale infrastruktuur projekte aangewend word.) Die pompstasie ter sprake vorm deel van hierdie opgraderingsprojek. Die bewering dat R13 miljoen aan die kontrakteur betaal is en dat die werk nie voltooi is nie, is onwaar. Volle rekenskap kan gegee word van die voorsieningsproses en die fondse wat spandeer word deur die munisipaliteit.

Hessequa Munisipaliteit is verbind tot goeie en deursigtige dienslewering vir alle inwoners in die Hessequa-streek.